Sondagskool 1

Lestitel: Abram se roeping en die belofte: Abram en Lot

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Abram se roeping en die belofte: Abram en Lot”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Abram se roeping en die belofte: Abram en Lot
Bybelwoord	Genesis: 12: 1-9; Genesis 13: 1-18
Lesdoelwit	Die kinders leer dat die Here ons op sy weë lei en dat Hy sy beloftes nakom.

Lesopsomming:

● In die les van vandag gaan ons van Abram en Lot hoor.
● Abram en Lot het saam met hul veewagters, vrouens en kinders na 'n ver land gereis. Hulle het baie skape, lammers en bokke gehad en hul donkies het swaar vragte gedra.
● Hulle het oor baie verskillende en moeilike terreine gereis. So nou en dan het hulle by 'n watergat gestop sodat hul diere water kan drink en rus.
● Hulle het tente opgeslaan om in te slaap, terwyl sommige herders die tente en die diere opgepas het, maar God het oor hulle almal gewaak en hulle het hul vertroue in Hom gestel.
● Abram het nie hierdie reis uit su eie onderneem nie. Die Here het vroeër met hom gepraat.
● Hy het vir Abram aangesê om sy land, sy vriende en sy kennisse te verlaat en na die land te gaan wat die Hy hom sal wys. God het gesê dat Hy 'n groot nasie van hom sal maak en dat hy Abram sal seën. Abram het volkome op God vertrou.
● Nadat hulle baie dae gereis het, het hulle by 'n rivier gekom wat hulle moes oorsteek. Nadat hulle die rivier oorgesteek het, het hulle hulself in 'n ander land bevind. Hierdie land het meer strome en beter weiding vir hul diere gehad. Abram het beveel dat die tente opgeslaan moet word.
● Dan het die Here weer aan Abram verskyn en vir hom gesê dat dit die land is wat Hy belowe het om aan Abram en sy nageslag te gee.
● Abram het nie geweet waar sy nageslag vandaan sal kom nie, want hy en sy vrou Sarai het geen kinders gehad nie en Abram was al 75 jaar oud.
● Iets anders het vir Abram bekommer; daar woon al mense in hierdie land en hy en sy volgelinge is vreemdelinge in hierdie land. Abram het egter vertrou en geglo dat die Here die beloftes wat Hy aan hom gemaak het, sal nakom.
● Hierdie sterk geloof het vir Abram in staat gestel om gelukkig, vreedsaam en tevrede te wees.
● Abram het gevoel dat God se beskerming altyd by hulle is, maar die vrede was dikwels versteur.
● Abram en Lot se veewagters het onder mekaar gestry oor die beste weiding en watter trop eerste moet drink.
● Abram het besluit dat daar net een oplossing is. Hy het nie van die bakleiery gehou nie, want hy was 'n vreedsame man.
● Hy het besluit dat hy en Lot nie op een plek kan bly nie. Hulle sou elkeen 'n stuk grond vir hulself moes kies.

● Abram en Lot het na die berg gegaan waar hulle 'n goeie uitsig kan hê op die land wat voor hulle uitstrek. Abram het vir Lot gesê dat hy 'n stuk grond kan kies. As Lot kies om een kant toe te gaan, sal hy na die ander kant gaan.
● In die ooste is die Jordaanrivier met pragtige groen weivelde rondom dit. In die suide is die land vrugbaar, maar sommige dele is baie droog. Abram laat Lot toe eerste kies.
● Lot kies toe die land in die ooste met die rivier en die groen weivelde.
● Abram het dus in die teenoorgestelde rigting gereis. Hy was tevrede. God het alles gesien.
● God het vir Abram gesê om nie hartseer te wees nie. Hy het vir Abram gesê om in alle rigtings te kyk waar hy is. Die hele land wat Abram kon sien, het die Here belowe om aan hom en sy nageslag te gee.
● Hy het vir Abram gesê dat sy nasie soveel sal wees soos die stof van die aarde of die sand van die see.
● Abram het die minder vrugbare streek ontvang, maar die Here het sy belofte aan Abram herhaal, en dit het hom gelukkig gemaak.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

● Soms vra God vir ons om iets baie moeilik te doen. Hy wil hê dat ons op Hom moet vertrou. Hy sal ons die krag gee en ons seën op ons weg.

● God maak baie beloftes aan ons in sy woord. Ons moet op Hom vertrou om die beloftes in ons lewens waar te maak.

● Een van hierdie beloftes is, dat Jesus sal terugkom om ons te kom haal.

Ons moet voorberei op die wederkoms van Jesus, en om dit te doen moet ons 'n sterk geloof hê, op God vertrou en Hom gehoorsaam.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Waarom het Abram besluit om die land waarin hy gewoon het, te verlaat?

Antwoord: God het vir hom gesê om alles in te pak en na 'n nuwe land te vertrek wat Hy aan Hom sal wys.

2. Waarom het Abram besluit om die land in twee te verdeel?

Antwoord: Dit was die enigste manier waarop hy die vrede kon bewaar omdat die veewagters onder mekaar baklei het.

3. Wat het die Here vir Abram belowe nadat hy sy stuk grond gekies het?

Antwoord: Die hele land wat Abram kon sien, sou die Here aan hom en sy nageslag gee en hulle sou wees soos die sand van die see.

4. Wat is aan ons belowe?

Antwoord: Dat Jesus ons weer sal kom haal.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen